LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

02-05-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 15 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **E-PLATFORM REGISTRASIE VIR 2018:**

Die Graad R ouers wat maatjies vir 2018 inskryf vir Graad 1, moet asb alle nodige dokumentasie (VOLLEDIG VOLTOOI) reghou vir Dinsdag, 2 Mei om 08:00, wanneer die e-platform registrasie open. Hulp is beskikbaar by die skool op Dinsdag, Woensdag en Donderdag vanaf 08:00 - 19:00.

2 **WILDSFEES:**

Vanjaar se Wildsfees vind plaas op Saterdag, 3 Junie 2017 te Laer Volkskool se rugbyveld. Koste beloop R250 per volwassene en Hoërskool leerders en R125 per laerskoolkind.
Jagpakkette: Kaartjies @ R50.
1ste prys - Gemsbok; 2de prys - Waterbok; 3de prys - Swartwilde bees of 2 Springbokke.

3 **EKSAMENROOSTE VIR JUNIE 2017:**

DATUM	GR 4	GR 5	GR 6	GR 7
Do, 1 Junie				Tegnologie
Ma, 5 Junie	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans	Engels
Di, 6 Junie	Geskiedenis	Geskiedenis	LV	LO
Wo, 7 Junie			Geskiedenis	Afrikaans
Do, 8 Junie	Engels	Engels	Engels	NW
Ma, 12 Junie	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde
Di, 13 Junie	Geografie	Geografie		Geografie
Wo, 14 Junie	NW en Teg	NW en Teg	NW en Teg	Geskiedenis
Ma, 19 Junie	LV	LV	Geografie	EBW
Di, 20 Junie				Skeppende kuns

4 **NETBAL**:

Spelers ontvang briewe vir die wedstryde.

- **LIGA-WEDSTRYDE**:

2 Mei	Vryheidsmonument	Tuis
4 Mei	DF Malherbe	Weg
9 Mei	Loslootjie	-
11 Mei	Kollegepark	Tuis
16 Mei	Emfulenipark	Tuis

18 Mei	Midvaal	Weg
23 Mei	Risiville	Weg

5 **MINI-NETBAL EN BULLETJIE RUGBY:**

WEDSTRYDDATUMS:

- Dogtertjies speel in Netbaldrag wat te koop is by Volkie Vere. Koste wissel tussen R180 en R230 (afhangend van die grootte).
- Rugbyspelers gaan met hulle Volkiedrag hemp en 'n swartbroekie speel. (Kry truie by die veld).

Saterdag, 6 Mei + Bulletjie rugby	Republiek (weg)
Saterdag, 13 Mei + Bulletjie rugby	Voorwaarts (weg)
Saterdag, 20 Mei + Bulletjie rugby	Risiville (weg)
Saterdag, 27 Mei net Bulletjie-rugby	Vryheidsmonument (weg)

6 **RUGBY:**

Spelers ontvang briewe vir die wedstryde.

- **LIGADATUMS**:

9 Mei	Kollegepark	Weg
11 Mei	Risiville	Weg
16 Mei	Vaalpark	Weg
18 Mei	Midvaal	Weg
23 Mei	Vryheidsmonument	Tuis
1 Junie	Emfulenipark	Tuis
8 Junie	Fonteine	Tuis

7 **TOUTREK**:

Daar is oefening Dinsdag en Donderdag, vanaf 15:00 - 16:00.

8 **SKAAK**:

- Daar is skaakoefening op Woendsdag, vir die spelers wat 20 Mei deelneem.
- Al die ligaspelers se oefening vind nou plaas by Heidelberg Skaakklub.
- Die volgende skaakklub byeenkoms vind plaas op 12 Mei by Hoër Volkskool..

9 **STUDIEMETODE KLASSE:**

Die studiemetode klasse word weer hierdie kwartaal aangebied vir GRAAD 4. Elke klas is belangrik, aangesien klasse soos 'n kursus opmekaar volg. Dieselfde studiemetodes word weer aangebied soos 1ste kwartaal, net met die nuwe leerstof. Jy benodig asb weer:
"Highlighters", kleurpenne, opsommingsboek/papier.
Datums is as volg: Woensdae, 17 Mei; 24 Mei; 31 Mei vanaf 16:00 - 17:00.

10 **BYBELVASVRAE:**

Die 1ste rondte bybelvasvrae is op 17 Mei 2017 te Midvaal.

11 **KOOR**:

Die Seniorkoor se program vir die 2de kwartaal:
Oefentye vind plaas soos volg:

Woensdag, 3 Mei 14:00 - 15:45	Vrydag, 5 Mei 14:00 - 20:00
Woensdag, 10 Mei 14:00 - 15:15	Vrydag, 19 Mei - Middag optrede by AG Visser
Woensdag, 17 Mei 14:00 - 15:45	
Woensdag, 24 Mei 14:00 - 15:45	
Woensdag, 31 Mei - gewone tyd	
Woensdag, 7 Junie - gewone tyd	
Woensdag, 14 Junie - GEEN OEF	
Woensdag, 21 Junie - GEEN OEF	
Woensdag, 28 Junie - gewone tyd	

Die Juniorkoor:

Maandae - 14:00 - 14:50	Vrydag, 19 Mei - Middag optrede by AG Visser

12 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD:**
Inskrywings sluit vandag. Geen laat inskrywings word aanvaar nie. Deelname vind plaas vanaf 1-9 Junie. Elke kind wat ingeskryf het, sal nader aan die tyd 'n briefie ontvang met die datum en tyd van deelname op asook waar dit plaasvind.

13 **SPREEKKOOR: GR 1-2:**
Oefening vir die spreekkoor vind weer plaas op 8 Mei 2017 in Juf Monica se klas vanaf 13:00 tot 13:45. Almal moet asb teenwoordig wees.

14 **ATKV REDENAARS: EERSTE UITDUNRONDTE:**
Die eerste uitdunrondte van die ATKV is op Donderdag, 4 Mei 2017 by Hoërskool Transvalia.
Leerders wat gaan deelneem moet asb reeds 13:00 daar wees vir registrasie.
Baie sterkte aan elkeen wat gaan deelneem.

15 **SENOR CHEF:**
Baie dankie vir almal wat die projek ondersteun het. Baie geluk aan Elri van Zyl in Graad 2M en die Graad 2M klas wat die wenners was van die kompetisie.

16 **SIMFONIE JUVENTI:**
- Die skool stap Vrydagoggend, 09:30 na Hoër Volkskool vir dié optrede en sal ± 11:45 terug wees. Voltooi asb die skeurstrokie wat die leerders reeds ontvang het en stuur terug skooltoe.
- Ouers wat belangstel kan vir Saterdag, 6 Mei, kaartjies koop teen R70 tot R300 (sluit kaas en wyn in). Drag is Semi-formeel. Vir enige navrae kontak vir Charl by 0832782191.

17 **25 MEI: HEMELVAART**:
Donderdag, 25 Mei, sal die hele skool weer 'n erediens by die Klipkerk bywoon om 10:00. Ouers is ook welkom. Hierdie is wel 'n normale skooldag, maar daar sal geen formele onderrig of sportoefening wees op dié dag nie. **Skool verdaag om 12:00. Daar sal wel toesig wees vir leerders tot 13:45.**

18 **DEPARTEMENT VAN GESONDHEID:**
Die Departement van Gesondheid besoek die skool op 11 en 12 Mei vir Graad R'e se oë en ore en Graad 1's (bring kliniekkaart saam skooltoe). Toestemmingsbriewe moet ingevul en teruggestuur word na die klasonderwysers.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF